

## Die Seun is heerliker as Moses (OP82)

Heb 3:1-6

27 Maart 2022

Laasweek het ons in Heb 2:17-18 gesien dat die Seun aan Sy broers gelyk geword het met die doel om vir hulle 'n barmhartige en getroue Hoëpriester te kon wees. Hy is 'n barmhartige Hoëpriester omdat Hy medelye het met die nood van Sy broers, en Hy is 'n getroue Hoëpriester omdat Hy besorgd is oor die Vader se heiligheid en dus getrou aan Sy verwagtinge wil voldoen. In Sy optrede as Hoëpriester het Hy God se toorn oor die sondes van Sy broers gestil. Dit was nodig dat Hy as Hoëpriester gelyk moes wees aan Sy broers, omdat God se verwagting was dat iemand wat as lossier optree, moet familie wees. Hy moes as Hoëpriester een wees met Sy broers, sodat Hy hulle skuld op Hom kon neem en dit Sy eie maak, en dan as hulle Hoof, hulle Leidsman, hulle Hoëpriester daarvoor kon betaal deur Sy sterwe. Omdat Hy self ook aan versoekinge blootgestel was, kan Hy en wil Hy ook Sy broers help wanneer hulle met versoekinge gekonfronteer word.

Vandag kom ons by Heb 3:1-6. Heb 3:1 begin met 'n oproep – dit is 'n oproep aan gelowiges dat hulle noukeurig moet let op Jesus. Maar let op, hierdie oproep begin met die woordjie “daarom”. Die doel met die “daarom” is om die lesers daarop te wys dat die oproep om noukeurig op Jesus te let, is die resultaat van alles wat vantevore gesê is, d.w.s. alles wat in Heb 1 en 2 gesê is. Ek het teen die einde van die preek laasweek 'n opsomming daarvan probeer gee. In Heb 1:1-2 het ons gesien dat die Seun verhewe is bo die profete – want in die verlede het God baie keer en op baie maniere deur die profete gepraat, maar in die laaste dae het God deur die Seun gepraat. Ons het ook gesien dat God op baie maniere deur die Seun gepraat het: Ons het gesien dat die Seun tegelyk God en mens is. Ons het geleer van Sy rol as die Opperkoning, van Sy rol as die ware Profeet, en ook van Sy rol as die ware Hoëpriester. En terwyl die Hebreërskrywer dit alles uitgelig het, het hy ook herhaaldelik daarop gewys dat die Seun heerliker is as die engele. Heb 3:1 kom nou met die oproep dat met dit alles in gedagte, moet ons nou noukeurig let op Jesus. In die res van die gedeelte waarna ons vandag kyk, gaan die skrywer nog motivering byvoeg waarom dit nodig is om noukeurig op Jesus te let.

Kom ons kyk aan wie hierdie oproep gerig is. Hierdie mense word met drie terme beskryf: (1) hulle is die broers, (2) hulle is die wat vir die Here afgesonder is, en (3) hulle is deelgenote van die hemelse roeping. Ons kyk kortliks na elkeen:

- Broers: Uit hoofstuk 2 het dit baie duidelik geword wie hierdie broers is. In Heb 2:11 het ons geleer dat dit die mense is wat deur die Seun geheilig word, wat Hy Sy broers noem. Dit is die wat die saligheid gaan beërf. Dit is die mense aan wie die Seun die Vader se Naam bekend maak. Dit is die kinders van God. Dit is die wat nie meer die dood vrees nie. Dit is die wat die Seun help as hulle versoek word. Dit is dus die gelowiges.
- Wat vir die Here afgesonder is: Dit is hoe die NAV vertaling dit vertaal, letterlik staan daar “heilige broers”. Die term “heilig” beteken “afgesonder”, en dit is hoekom die NAV dit so vertaal. Maar “heilig” het ook die betekenis van perfekte reinheid. Daarom het ons in Heb 2:10-11 gelees dat die kinders wat God tot heerlikheid wil lei, deur die Seun geheilig word. Ons hoef nie hieronder te verstaan dat hierdie broers reeds perfek heilig en rein is nie, maar wel dat hulle reeds vir die Here afgesonder is en in die proses is om deur die Seun geheilig te word. Hulle is op die pad van heiligmaking.
- Deelgenote van die hemelse roeping: Hierdie broers is geroep. Onder “roeping” verstaan ons daardie handeling van God wat deur Sy Heilige Gees 'n mens roep, wat aanleiding daartoe

gee dat die persoon tot bekering en geloof kom. Kan ek jou herinner aan wat ons lees in Rom 8:29-30. Dit is dié wat God uitverkies het, wat Hy ook bestem het om broers te wees van Sy Seun, en dit is hulle wat Hy roep, en wat Hy deur regverdigmaking bring by heerlijkheid – en, onthou, God wou juis baie kinders tot heerlijkheid lei. “Roeping” is dus een van die dinge wat elkeen belewe wat ‘n ware broer is op pad na heerlijkheid. Elkeen van hulle is dus ‘n deelgenoot daarvan. Dit word ‘n “hemelse” roeping genoem, omdat hierdie roeping uit die hemel kom. Die roeping van ‘n persoon gebeur in die praktyk deurdat die Heilige Gees in die lewe van die persoon inspreek – die Heilige Gees konfronteer die persoon met sy sondenood en ook met die verlossing wat deur die Seun bewerk is. Maar beide die Seun en die Heilige Gees kom vanuit die hemel, beide tree op in lyn met die wil van die Vader, wat in die hemel is – daarom is dit ‘n hemelse roeping. Verder loop die roeping ook deur bekering, deur geloof, deur regverdigmaking, deur heiligmaking eventueel uit op heerlikmaking. Na die fisiese afsterwe van die geroepenes, vergader hulle in heerlijkheid op Sionsberg in die hemel (Op 14:1-5) – dit is hoekom dit ‘n hemelse roeping is.

Die oproep aan hierdie mense, dus aan die gelowiges, is dat hulle noukeurig moet let op Jesus. Die NIV het dit vertaal met “Fix your thoughts on Jesus”. Die ESV vertaal dit met “Consider Jesus”. Dit is dieselfde woord wat in Luk 12:24 en 27 gebruik word toe Jesus die dissipels geleer het “Kyk na die kraaie” vir wie God sorg al is hulle minder as die dissipels, of ook “Kyk hoe groei die lelies”. Dit beteken die dissipels moes na die kraaie en die lelies gaan kyk. Hulle moes daarvoor gaan dink. Hulle moes dit bestudeer tot hulle verstaan hoedat dit inderdaad God is wat vir hulle sorg. Dieselfde geld vir die oproep in Heb 3:1. Dit beteken gelowiges moet doelbewus aandag gee aan al die aspekte van die Seun waarvan ons in Heb 1-2 alreeds geleer het, en ook dit wat nog gaan volg. Hulle sal hulle moet inspan om dit te bestudeer, te bedink, daarvoor te mediteer. Hulle sal dit gereeld moet doen. Sodoende sal hulle groei in kennis oor die Seun en Sy werk, sodoende sal hulle al meer in verwondering wees daarvoor, sodoende sal hulle al meer rede hê om Hom te vertrou vir hulle saligheid. Dit is in lyn met die oproep in Heb 2:1 dat gelowiges soveel vaster moet gryp aan wat hulle gehoor het – sodat hulle nie wegdryf nie.

Vers 1 gaan voort en lig twee spesifieke aspekte van die werk van die Seun uit waarop die broers moet let: Jesus is die Apostel en ook die Hoëpriester van die geloof wat ons bely. Let weereens daarop: Die Seun is die inhoud van ons geloof. Maar weereens word Hy hier “Jesus” genoem – dit is die Naam wat Hy ontvang het toe Hy mens geword het. Nie net is die Seun die inhoud van ons geloof nie – maar veral Sy menswording en alles wat daarmee gepaard gaan, is sentraal aan die inhoud van ons geloof. Dit moet definitief deel uitmaak van die dinge waarop ons as gelowiges noukeurig moet let.

Ons leer hier dat Jesus die Apostel is van die geloof wat ons bely. Die betekenis van die woord “apostel” is dat so ‘n persoon ‘n “gestuurde” is, ons kan ook sê so ‘n persoon is ‘n “ambassadeur”. In Joh 3:34 lees ons “God het Hom (die Seun) immers gestuur, en Hy spreek die woorde van God, want God gee Hom Sy Gees sonder enige beperking”, en in Joh 5:36: “Meer Ek het getuienis wat nog gewigtiger is as die van Johannes. Die werk wat die Vader My gegee het om te voltooi en waarmee Ek juis nou besig is, lê oor My getuienis af en bevestig dat die Vader My gestuur het”. Baie duidelik is die Seun spesifiek deur die Vader gestuur, Hy is dus die Apostel. Hy is gestuur met ‘n spesifieke doel: Joh 3:34 sê “Hy spreek die woorde van God”. Hy het die Vader aan ons kom bekend maak – presies wat ons in Heb 2:12 gelees het dat Hy kom doen het. Voeg hierby dat uit Hom die heerlijkheid van God straal en dat Hy die ewebeeld is van die wese van God (Heb 1:3), of soos Kol 1:19 dit stel: “God het besluit om met Sy hele wese in Hom te woon” – dan is dit onmiskenbaar duidelik dat die Seun God se Apostel of Ambassadeur is wat die Vader en Sy werk aan ons kom bekend maak het. Dit is

natuurlik 'n beskrywing van Sy rol as die ware Profeet – dit was tog die profete wat in die Ou Testament God se wil aan die volk bekend gemaak het. Die oproep is dus dat ons noukeurig moet let op Jesus, as die ware Profeet deur wie God in die laaste dae gepraat het, as die Apostel wat God gestuur het om Sy wil aan die heilige broers bekend te maak.

Die oproep is ook dat ons op Jesus moet let as ons Hoëpriester. Laasweek het ons ook hierna gekyk na aanleiding van die feit dat die Seun in Heb 2:17 beskryf is as ons barmhartige en getroue Hoëpriester. As ons hier leer dat ons op hierdie twee aspekte van die Seun se werk moet let, beteken dit dat ons ons moet inspan op beide dit wat Hy as Apostel of Profeet gedoen het, meer spesifiek, dit wat Hy geleer het, sowel as op die feit dat Hy ons Hoëpriester is wat vir ons geregtigheid kom bewerk het. Ons moet dus let op Sy lering sowel as op Sy versoeningswerk. Kan ek jou aandag op die volgende vestig:

- As Profeet of Apostel is die Seun God se verteenwoordiger by ons. Daarteenoor is die Seun as Hoëpriester ons verteenwoordiger by God.
- As Profeet of Apostel praat die Seun namens God met ons as Hy die Vader aan ons kom bekend maak. Daarteenoor, as Hoëpriester praat die Seun namens ons met God as Hy vir ons intree by die Vader.

In die res van die gedeelte wat ons vandag na kyk (en selfs tot by Heb 4:13) val die fokus op die Seun as Apostel/Profeet. Vanaf Heb 4:14 val die fokus op die Seun as Hoëpriester.

#### Die heerlikheid van die Seun as Apostel (Heb 3:2-6)

Vanaf vers 2 word daar 'n vergelyking gemaak tussen die Seun en Moses. Onthou nou dit is soortgelyk aan wat ons tot dusver gesien het in Heb 1-2: Eers het die skrywer ons gewys die Seun is heerliker as die profete, en daarna het hy ons gewys die Seun is heerliker as die engele. Ons kry nou 'n derde vergelyking: “Maar Jesus is groter heerlikheid waardig geag as Moses” (vers 3).

Hoekom fokus die skrywer nou juis op Moses? Onthou, hy is besig om te skryf aan Christen gelowiges uit die Jodedom, wat geworstel het daarmee om getrou te bly aan hulle Christelike geloof a.g.v. die druk van die Jode. Soos wat die Jode 'n hoë agting vir die engele gehad het, netso het hulle ook 'n baie hoë agting vir Moses gehad. Maar die skrywer wil vir hulle wys, dat die Seun (onthou, dit is die Seun wat die verskil is tussen die Joodse en die Christelike geloof) nie net heerliker is as die engele nie, maar ook heerliker as Moses.

Daar is nog 'n belangriker rede hoekom hy op Moses fokus. Moses was dié groot profeet in die Ou Testament. Hy het uitgestaan selfs bo al die ander profete. Toe ons deur Numeri gewerk het, het ons dikwels die opmerking gemaak dat Moses 'n Ou Testamentiese tipe was van die Seun. Dink vir 'n oomblik aan Moses: Onthou hoe hy spesifiek deur die Here geroep is en gestuur is om die volk te verlos – Hy was die gestuurde, die apostel, van die Here, soos die Seun. Hy was die een met wie God gereeld direk gepraat het. Dit was juis deur Moses wat die Here Sy wil vir die volk bekend gemaak het. Dit was deur Moses wat die Here Sy wet aan die volk gegee het. Dit was deur Moses wat die Here die opdrag gegee het vir die bou van die tabernakel, asook die detail van die dienswerk wat by die tabernakel moes plaasvind. Hy was die een wat God bekend gemaak het aan die volk – soos die Seun.

Maar Moses het nie net hoë aansien onder die Jode gehad nie. God self het met groot lof van hom gepraat. In Num 12:6-8, nadat Mirjam en Aäron in opstand teen Moses gekom het, lees ons dat die Here gesê het: “Luister na wat Ek sê: As daar 'n profeet van die Here onder julle is, maak Ek my aan Hom bekend deur visioene en praat Ek met hom in drome. Maar met My dienaar Moses is dit

anders. Hy is die betroubaarste in My diens. Met hom praat Ek direk en persoonlik, nie in raaisels nie, Hy sien selfs die gestalte van die Here.” Voorwaar was Moses ‘n besondere profeet, wat selfs in die oë van die Here uitgestyg het bo al die ander profete in die Ou Testament deur wie die Here ook gepraat het. Die punt van die Hebreërskrywer in verse 2-6 is egter dat al was Moses ‘n besondere profeet wat bo die ander uitgestyg het, die Seun as Apostel, as Profeet, is nog heerliker as Moses. Lees weer verse 2-6. Die skrywer voer die volgende redes vir die groter heerlikheid van die Seun aan:

- In vers 2 maak hy die stelling dat die Seun getrou was aan God, soos wat Moses getrou was. Onthou hoe getrou Moses was – die Here het gesê Moses was die betroubaarste profeet in Sy diens. Dink maar net hoe dikwels Moses onder druk geplaas is deur die opstandigheid van die volk, maar hy het getrou gebly om God se wil aan die volk bekend te maak – al het dit hom ongewild gemaak by die volk. Maar ongelukkig weet ons ook daar was die insident waar Moses die rots geslaan het i.p.v. om daarmee te praat soos wat die Here gesê het. Daarteenoor was die Seun altyd getrou aan Sy rol om getrou die Vader bekend te maak. In Luk 2:49 lees ons dat Hy as jong seun vir Sy ouers gesê het: “Het u nie geweet dat Ek in die huis van My Vader moet wees nie?”, tydens Sy openbare optrede sê Hy in Joh 9:4: “Solank as dit nog dag is, moet ons die werk doen van Hom wat My gestuur het”, en aan die einde van Sy lewe bid Hy in Mat 26:39: “Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil”. Hy was getrou deur Sy hele lewe op aarde, trouens Hy is steeds getrou aan Sy Vader. Ons moet dus sê die Seun is heerliker as Moses.
- Ons lees dat Moses getrou was “in die hele huis van God” (vers 5), en dat die Seun getrou was “oor die hele huis van God” (vers 6). Beide was dus gemoed met God se huis. Natuurlik moet ons nie ‘n fisiese huis in gedagte hê nie – maar mense – immers sê vers 6b “ons is sy huis”. Maar dink aan wie die “huis van God” was in die tyd van Moses – dit was beperk tot die fisiese volk Israel (met enkele uitsonderings). Vergelyk dit met die “huis van God” sedert die Seun gekom het – dit sluit mense is uit alle volke, stamme, tale en nasies. Boonop is dit nie fisiese afstammeling van Abraham soos in Moses se tyd nie, maar die ware nageslag van Abraham wat as deel van die nuwe verbond deel geword het van die huis van God. Die Seun is dus heerliker as Moses.
- Ons lees dat Moses getrou was in die huis van God (vers 5), maar die Seun was getrou oor die huis van God. Moses was maar net ‘n mens, en as mens was hy deel van die huis. Hy het nie die huis geskep nie – die volk was reeds daar toe hy geroep is. Hy het hulle nie laat groei nie. Maar met die Seun is dit anders. Hy was God. Hy moes Homself verneder om gelyk te word aan mense – en selfs toe was Hy God en mens. Hy het alles geskep – Hy het ook die huis van God gebou (vers 4). Die Seun is soveel heerliker as Moses, soos wat die een wat ‘n huis bou heerliker is as die huis.
- Vers 5 leer dat Moses ‘n dienaar, weliswaar ‘n getroue dienaar, maar nogtans ‘n dienaar, was in die huis van God. As ons lees dat hy ‘n dienaar was in die hele huis van God is die bedoeling waarskynlik dat Hy die belangrikste dienaar was wat orals in die huis diens gedoen het. Maar vers 6 sê dit dit met die Seun heel anders is: Hy is nie ‘n dienaar nie – nee, Hy is die Seun. Hy is nie die dienaar in die huis nie, nee, Hy is die Seun oor die huis. As Hy die Seun is, beteken dit Hy is die Erfgenaam (soos wat Heb 1:2 ons al geleer het). Omdat Hy die Seun is, beteken dit Hy is die Eienaar. Hy is nie ‘n dienaar nie, nee, Hy is hulle Leidsman tot die verlossing, Hy is die Een wat die duiwel oorwin het. Hy is nie net ‘n dienaar in die huis nie, nee, Hy het die weg vir hulle oopgestry om werklik die huis van God te kan wees. Die Seun is heerliker as Moses.
- Vers 5 leer ons verder dat Moses as getroue dienaar moes getuig van die dinge wat God nog sou sê. Moses het die voorreg gehad om van heerlike dinge te getuig wat die Here juis deur

hom bekend gemaak het. Dink maar aan die wet wat ten diepste 'n beskrywing is van die wese van God en waarin God behae vind. Dink maar aan die tabernakel, wat 'n sigbare uitbeelding is van die verlossingspad wat gelowiges mag stap tot hulle in heerlijkheid is, dink maar aan die voorreg om die offerdiens aan die volk voor te hou. Alhoewel Moses die voorreg gehad het om hierdie heerlike dinge aan die volk te kon vertel – is die aangrypende dat hulle almal vooruit gewys het na die koms van die Seun. Joh 5:46 sê: “As julle Moses geglo het, sou julle in My geglo het, want Hy het van My geskrywe”. In Luk 24:27 lees ons dat Jesus by Moses en die profete begin het en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking gehad het, aan die Emmausgangers verduidelik het. Al kon Moses heerlike dinge bekend maak as dienaar – die inhoud daarvan was die Seun self! Die Seun moet dus heerliker wees as Moses.

Voorwaar is die Seun heerliker as Moses – trouens Moses was die gestuurde profeet of apostel wat die destydse huis van God moes leer oor die koms van die Een wat heerliker is as Moses en wat in die nuwe verbond oor die huis van God sou wees.

### Bemoediging (Heb 3:6b)

In vers 6b volg die skrywer hierdie beredenering van die heerlijkheid van die Seun bo Moses op met 'n bemoediging. Hy verklaar aan sy lesers: Ons is die huis van God, en dus van die Seun! Onder die leiding van die Heilige Gees wys hy sy lesers daarop dat hulle nie nou moet teruggaan na die Joodse geloof toe nie. Nee, deur geloof in die Seun is hulle deel van die huis van God in die nuwe verbond – waarheen die huis van God in die ou verbond gewys het. Die lesers moet verstaan daar is geen sin in om terug te gaan na die skadu toe as die volheid intussen gerealiseer het nie! Maar die bemoediging van die skrywer gaan verder as net sy direkte lesers – dit is ook 'n bemoediging aan alle ware gelowiges: Óns is die huis van God. Dit is in lyn met 1 Kor 3:16 waar die gelowiges beskryf word as die tempel van God, en 1 Pet 2:5 wat gelowiges beskryf as lewende stene in 'n geestelike huis.

Maar let op – hier is 'n voorwaarde: Die NAV se vertaling is nie so duidelik nie. Kan ek die DAV vir jou gee: “en ons is Sy huis as ons bly vashou aan die vrymoedigheid en hoop waarop ons ons beroem”. Hier is twee sake waaraan gelowiges moet vashou: aan hulle vrymoedigheid en aan die hoop waarop hulle hulle beroem. Kol 1:23 gee 'n soortgelyke opdrag. Vers 22 verduidelik dat die Seun die gelowiges heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom sal stel, en dan volg vers 23: “Maar dan moet julle vas en sterk bly staan in die geloof en julle nie laat losruk van die hoop wat in julle gewek is nie.” Gelowiges moet vashou aan hulle vrymoedigheid, oftewel hulle geloof, en aan hulle hoop. Dit is tog so dat geloof ons vrymoedigheid gee. Die bemoediging is dat gelowiges deel is van die huis van God – maar hulle kan net seker wees dat hulle deel van die huis is as hulle vashou of volhard in die geloof en in die hoop.

Wonder jy ook soms of jy werklik deel is van die huis van God? Wonder jy ook soms of die Seun werklik jou Leidsman is na die verlossing? Wonder jy of Hy as Profeet werklik ook aan jou die Vader bekend gemaak het? Wonder jy of Hy ook jou barmhartige Hoëpriester is? Wel, ondersoek jouself en kyk of jy twee dinge vind:

- Vind jy dat jy vashou aan vrymoedigheid of oortuiging of geloof? Maar hoe sal jy weet of jy hieraan vashou? Wel, onthou wat geloof is: Geloof is eerstens kennis. Watse kennis? Wel Heb 2:1 het gesê ons moet vaster gryp aan die dinge wat ons gehoor – veral oor die Seun. Heb 3:1 het gesê ons moet noukeurig let op Jesus – die Apostel en Hoëpriester van ons geloof. Wel, doen jy dit? Kan jy met integriteit voor die Seun en God erken jy gryp hierdie dinge al vaster, jy let werklik noukeurig op die Seun? Bestudeer jy die Seun? Bestudeer jy

wat Hy as Profeet/Apostel kom leer het? Bestudeer jy wat Hy as Hoëpriester kom doen het? Bestudeer jy dit doelbewus, gereeld, sistematies, met aandag? Sien jy die wonder van God se openbaring raak – vanaf Moses en al die detail in die Ou Verbond tot by die Seun en die vervulling in die Nuwe Verbond? En as jy dit alles bestudeer, bring dit jou by verwondering, by vertroue, by vrymoedigheid, by geloof? Maak dit jou hart warm, soos wat die Emmausgangers in Luk 24:32 gesê het met hulle gebeur het toe Jesus alles aan hulle verduidelik het? Is hierdie dinge vir jou so 'n realiteit dat jy met vrymoedigheid hieroor praat selfs voor mense wat apaties is hieroor? Daar is baie wat hulle self gelowiges noem wat selftevrede terug sit in 'n valse sekerheid dat hulle deel van die huis van God is, maar daar is geen teken van 'n honger om te leer van die dinge wat ons gehoor het, en om in vrymoedigheid hieroor te getuig nie. Vers 6 sê nie dat hulle God se huis is nie.

- Die tweede saak waarvoor jy jouself moet ondersoek is of jy vashou aan die hoop. Hierdie hoop is natuurlik die volle realisering van God se verlossing, dit is die ewige saligheid, oftewel die heerlikheid waarheen God Sy kinders lei. Maar let op, vers 6 sê nie net jy moet hieraan vashou nie – nee, jy moet jou beroem in hierdie hoop. Die ESV praat van “boasting in our hope”. Kan ek jou vra: verstaan jy wat hierdie hoop is? Praat jy ooit hieroor? Kan jy sinvol en met oortuiging hieroor praat? Maar meer nog: as jy hieroor praat, roem jy hieroor, “boast” jy hieroor? Kan jy met integriteit sê jy sien met verlange daarna uit? Is die realisering van hierdie hoop volgens jou die grootste wins wat daar is?

As jy beleef jy het 'n honger het om al hoe vaster te gryp aan hierdie dinge, om al hoe noukeuriger te let op die Seun, en as jy 'n steeds groter opgewondenheid het oor die hoop wat gelowiges het – dan is jy deel van die huis van God, en die Seun is nie net getrou oor die huis nie, Hy is ook getrou oor jou as deel van die huis van God.